

Vlieënde Pierings is 'n Eindtyd-profesie

deur Tony Alamo

Ek het 'n hele paar artikels oor visioene, tekens en wonders, wat die Here aan my gegee het, geskryf.¹ Daar is baie ander visioene, tekens, wonders en boodskappe, wat God aan my gegee het, waaroor ek nooit geskryf het nie. Ek het nooit gedink dat ek 'n artikel sou skryf oor hierdie spesifieke ervaring wat ek en Suzie met VVV'e gehad het nie, maar die Here het my duidelik beveel om dit nou te doen. Dit is hoekom ek die wêreld op hierdie tydstep daarvoor inlig.

My bekering het eerstens in fases plaasgevind. Elke fase was uitermate bonatuurlik. Soos ek al voorheen in ander literatuur genoem het, het ek het glad nie in God die Vader, Jesus Christus of die Heilige Gees geglo, totdat God sy bestaan en sy mag omtrent vyf-en-dertig jaar gelede aan my bewys het nie.

Voor hierdie bonatuurlike ervarings my oortuig het dat God, Sy Seun Jesus Christus en die Heilige Gees 'n werklikheid is en dat alles in die Bybel waar is, het ek twee bonatuurlike ervarings as 'n seuntjie gehad. Een het plaasgevind toe ek omtrent ses jaar oud was en die ander een het plaasgevind toe ek omtrent 11 jaar oud was.

Op ses het ek eendag deur die veld in Windham, Montana, naby my Ouma en Oupa se huis geloop. Ek was oppad huistoe naby die Windham-koppie, waar die letter "W" op die rotse aangebring is. Dit was 'n pragtige lentedag. Die son het helder geskyn. Dit was baie warm, maar daar het 'n koel briesie gewaai.

Die huise in Windham is nogal ver uitmekaar versprei. Die bevolking was omtrent vyftig mense wat in sowat vyftien huise gewoon het, sommiges op plase. Daar was groot stukke veld oor die dorp versprei. Die poskantoor, apteek, kruideniers- en lekkergoedwinkel was almal in een houtgeboutjie, besit en bestuur deur een man, mnr. Duncan Gillespie. Windham is so klein dat die bus nie eens daar sal stop nie, tensy jy by 'n telefoonpaal langs die hoofweg staan. Pos word deur die bus deur by die telefoonpaal uitgegooi, terwyl die bus sy normale spoed handhaaf. Daar was 'n treinstasietjie, 'n voerstoor, 'n plek waar my oupa gereeld 'n bier gedrink het en 'n dubbelverdieping baksteengebou – die skool wat ek bygewoon het. My ma was die enigste onderwyseres by die skool en sy het leerlinge vanaf kleuterskool regdeur tot in die hoërskool onderrig. Die skool bestaan nie meer nie, want daar is nie genoeg mense in die omgewing om dit by te woon nie.

Terwyl ek besig was om deur die veld te stap, het ek gehoor hoe die soetste stem my naam uitroep. Dit het elke paar sekondes gebeur. Daar was glad nie mense in die omtrek nie. Daar was 'n plaas en drie ander huise, insluitend my ouma se huis, in die verte met steeds toe stormvensters en stormdeure. Daar was niemand anders in sig nie. Die stem in die sagte briesie het my naam oor en oor, sag en liefies geroep. Ek het glad nie die gewaarwording gehad dat daar enigiets bonatuurliks aan die stem was nie, maar

ek het nog nooit voor of na die tyd iemand so sag en liefdevol hoor praat nie.

'n Ander keer, as 'n tien- of elfjarige in Helena, Montana, was ek omstreeks 4:30 of 5:00 die oggend, besig om deur die sneeu te stap, in die rigting van die Helena Independant Record se nuuskantoor. Ek het gewoonlik my koerante vir my roete daardie tyd gevou en in 'n sak gesit. Ek het my aan die sterre begin verwonder. Ek het hulle nog nooit so helder sien skyn nie. Hulle het almal helderder geskitter as enige diamante wat ek al ooit gesien het. Alles was so pragtig dat dit vir my gevoel het asof ek in 'n wonderwêreld is. Ek het gevoel hoedat my wese vervul word met waardering en verwondering. Tegelykertyd het ek gevoel hoedat 'n vuurwarm Gees of krag oor my neerdaal. Ek het die gewaarwording gehad dat 'n ongelooflike groot, teer en wonderlike Wese daarbo op my afgekyk en warm vir my geglimlag het.² Dit het my so bang gemaak dat ek onmiddellik vir die sneeu en die ysbedekte pad begin staar het. Na dié twee ervarings is ek deur, wat die meeste mense die skool van die klappe van die lewe sou noem, maar ek het ook baie sukses ervaar.

Ongeveer sewentien en 'n half jaar later het God my in Beverley Hills, Kalifornië, geleer hoe werklik, vreesaanjaend, ernstig, veeleisend en bedreigend Hy is.³ Na hierdie baie skokkende en verliggende ervaring,⁴ het ek 'n ywerige soektog begin na wat dit was wat hierdie veeleisende en ernstige God wou hê ek vir Hom moes doen. Ek het gewet dat Hy nie net wou hê dat ek van sy bestaan en sy ernstige en diktatoriale aard bewus moes wees nie.⁵ Ek het nog altyd gehoor dat God sag, 'n Casper Milquetoast (nikswerd) is. Hy is presies die teenoorgestelde.⁶

Ongeveer 'n jaar nadat ek wonderlike openbarings ontvang het toe ek gered is en na nóg 'n uiters bonatuurlike ervaring met die Here, wat vir my en Sue aangesê het om te trou, het Sue al die meubels in haar woonstel verkoop. Ons het in hierdie woonstel 'n paar honderd siele vir die Here gewen. Ons is na Las Vegas om te trou. Ek het met Sue hieroor gearchumenteer en aan haar gesê dat God ons reeds getrou het in die visioene wat ek en sy gehad het.⁷ Ek het nie die nut daarvan ingesien om deur 'n mens getrou te word nie. Sue het aan my gesê dat mense lelke dinge sou sê as ons nie 'n huweliksertifikaat gehad het nie. "Sê die Bybel dan nie: 'Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense nie?' (Hand. 5:29) Ons sal nietemin Vegas toe gaan," het ek gesê. "Jy is reeds vyf-entwintig jaar lank 'n Christen en ek is nuut gered. Die Here het aan my gesê om na jou te luister; hier gaan ons dus." Ons is toe daar weg.

Ons het iewers tussen laataand en vroegoggend deur die woestyn begin ry. Daar was geen ligte, hoegenaamd geen ligte, op ons gekose pad nie. Dit was 'n pikswart nag met geen maan of sterre, niks behalwe die donkerte aan weerskante van die pad en

¹ *God's Two Witnesses*, par. 5-7, *Dry Bones*, *Servant of the Lord*, *Difficult Mountain*, *The Looking Glass*, *Wealthy*, *Heavyweights*, *The Bottomless Pit*, *Regeneration*, *Broken to Pieces*, *Convinced* is alles gratis beskikbaar. ² Deut. 10:17, Job 13:11, 22:12, Ps. 19:1-2, 68:33, 102:12, 24-27, 104:31, 139:3-13, Jes. 57:15 ³ Deut. 7:21, 10:17, 28:15-68, 1 Sam. 2:6-7, 10, Esra 8:22, Job 9:4-7, 12, 12:14, 23:13, 26:11, 14, 41:9-10, Ps. 66:3-7, 76:6-8, 97:1-6, 115:3, 145:6, Dan. 4:35, Heb. 12:25-26, 29 ⁴ *Signs of the Times*, *Dry Bones*, *Heavyweights*, *Melting Cold Hearts* ⁵ Eks. 34:14, Deut. 6:13-15, Jes. 30:30, 43:21, Jer. 27:5, Dan. 4:35, Nah. 1:2-8, Mal. 3:5, Rom. 2:2, 5-8, Heb. 10:30-31, Op. 11:18 ⁶ Deut. 7:21, 32:39, 1 Kron. 29:11-12, 2 Kron. 20:6, 25:8, Esra 8:22, Ps. 77:14-18, 145:6, Nah. 1:3-6, Matt. 10:28, Heb. 10:26, 29 ⁷ *Servant of the Lord*, *God's Two Witnesses*, *Broken to Pieces*, *Susan's Wedding Dress*

voor ons nie. Die enigste lig was die van ons hoofligte en hulle weerkaatsing op die wit strepe van die smal pad. Suzie het begin om oor vlieënde pierings te praat. Sy het my vertel wat die ou profeet Esegjël gesê het.⁸ Sy het my ook vertel dat God aan haar openbaar het dat die vlieënde pierings, wat sommige mense aan die sien was, bonatuurlike wesens is; engele van die Hemel, wat die aarde deurkruis net voordat Christus terugkeer aarde toe.

“Hulle is die Here se engele, Tony,” het Susan gesê. Sy het bygevoeg: “Satan het van alles wat God het ‘n nabootsing. God het boodskappers gestuur soos ek en jy, Tony.⁹ Satan het bose gevalle Engele, valse profete en valse predikers in die wêreld om mense te verwar, sodat hulle nie gered kan word nie.”¹⁰ Sy het ook aan my gesê dat Satan se predikers altyd die ware predikers van God afgradeer en bygevoeg dat hulle altyd voortspruit uit die wêreld se grootste kultus, waarvan die hoofkwartiere in Rome, Italië, is.¹¹ “Hulle noem hulself Christene, maar hulle is nie.¹² Hulle het honderdduisende ware Christene, Jode en ander doodgemaak deur hulle op die brandstapel te verbrand, vir leus te voer, in oonde te gooi, ensovoorts.¹³ Hulle doen alles in hulle vermoë om die ware predikers van God gevange te hou,” het sy gesê.¹⁴ Sy het aan my vertel dat die eenwêreldse, bose kultus, sy kultusleier en die eenwêreldregering, wat sy bose wil afdwing, simbolies in die Bybel “die groot hoer,”¹⁵ die moeder van elke afskuwelikhed op aarde,¹⁶ “die valse profeet” en “die dier” genoem word.¹⁷ Hulle word almal beheer deur die duiwel,¹⁸ simbolies in die Bybel voorgestel as “die groot rooi draak”¹⁹ en “die ou slang wat die Duiwel en Satan genoem word” (Op. 12:9).

Die stad waar die hoer met sy valse profete sy valse beleidsrigtings aan al die lande van die wêreld voorskryf, is nie simbolies nie, maar letterlik. Dit is die stad van die sewe berge – Rome, Italië, die enigste stad wat aan die beskrywing voldoen.²⁰ Daar is net een kultus in die wêreld wat hulself ‘n kerk noem en wat aan die beskrywing van die groot hoer voldoen. Geen ander “kerk” kom eens ‘n miljoen myl daar naby nie.

Susan het verklaar dat die valse profeet, sy valse kerk en sy regering enigiemand boikot, vermoor en gevange neem, wat nie met hulle tirannie saamstem nie. Hulle laat almal op ‘n handige manier glo dat dit nie hulle is wat dit doen nie en blameer die Kommuniste, Israel, Rusland en China en selfs godvresende, wedergebore Christene vir al die gepleegde haat en afskuwelikhede wat steeds in die wêreld gepleeg word.

God, die waarheid, verklaar dat al die afskuwelikhede op aarde van die duiwel af kom. Hy het Rome gekies as die sentrum vir sy kultus en sy regering.²¹ Sy plan is om homself soos Sneeuwitjie te laat lyk.²² Niemand mag weet dat sy kerk, sy valse profeet en sy eenwêreldstelsel die beliggaming van Satan is nie.²³ God gaan voort met sy vleeswording in gekose Christene se liggame en Satan, die groot nabootser, werk op dieselfde manier in menslike liggame.²⁴ Wees versigtig vir valse broers.²⁵ Wees versigtig vir Satan beliggaam in ‘n mens, in sy kultus en in al die regerings teen God se heilige Woord.

Hierdie Roomse kultus en almal wat daarby aangesluit het, is dié wat oorloop van haat. Hulle pleeg elke afskuwelikhed op aarde, afskuwelik buite die menslike verbeelding. Die menslike verstand kan nie geestelike dinge verstaan nie, of dit nou die goeie dinge van God of die bose dinge van die duiwel is.²⁶ ‘n Mens moet wedergebore wees deur die Gees om die dinge te verstaan.²⁷ Dit is hoekom God verklaar dat die hele wêreld deur Satan verblind is.²⁸ Rome het ‘n etiket vir elkeen wat hom blootlê; daardie individue word gebrandmerk as gebreinspoelde lede van ‘n gevaarlike kultus. Daar is glad nie tussenin nie. Jy moet God die almagtige glo of die duiwel, Satan wat nie die kan waarheid praat nie.²⁹ Dit is onmoontlik vir God om te lieg.³⁰ Dit is net so onmoontlik vir Satan en sy mense om die waarheid te praat.³¹ Sal jy die duiwel glo wat sê ek is haatlik omdat ek die hater blootlê, of sal jy God glo wat sê dat Satan die haatlike een is?

Suzie het my vertel dat dieselfde ding aan die gang is met die verskynsel van vlieënde pierings. “Satan het ‘n namaaksel. Hy stuur drogbeelde van pierings na verskillende mense in die wêreld, sodat hulle sy verdraaide waarnemings kan sien. Ek weet hulle is besig om dit te sien, maar die duiwel laat almal glo dat die snaakse wesens in hulle van ander planete af kom, terwyl hulle eintlik illusies is. Volgens God se Woord is daar geen lewe op enige ander planeet nie.”³²

Susan het gesê: “Kom ons bid. Kom ons vat hande en bid en vra: ‘God, as daar iets soos vlieënde pierings is, wys dit nou aan ons.’” Die manier waarop Sue met my gepraat het, was bonatuurlik. Ek het gewet dat die Heilige Gees haar lei om die dinge aan my te sê, want ek kon voel hoedat die Heilige Gees aan my hart raak met elke woord wat sy gespreek het.

Die manier waarop alles aan die gebeur was, was nogal vreesaanjaend omdat ek nuut gered was en nie die voortsetting van die bonatuurlike-realm op daardie tydstip geken het nie. Al die openbarings, tekens en wonders, wat God aan my gewys het, het my denke oorweldig tot op die punt dat ek Hom beide gevrees en elke oomblik van die dag iets nuuts van Hom verwag het. Op een of ander manier het ek, terwyl Suzie met my gepraat het, gewet dat iets aan die gebeur was. Terwyl ek alleen saam met haar in ‘n donker woestyn sonder enige motors in die omtrek was, het ek haar hoor sê: “Kom Tony, laat ons hande vat en bid dat God aan ons vlieënde pierings sal wys.” Ek het gesê: “Goed.” Sy was besig om te bestuur en ek het haar hand gevat. Sy het gebed: “O Here, God Almagtig, as daar iets soos vlieënde pierings is, wys dit vir ons, Vader, in die Naam van Jesus.” Ek het gesê: “Amen, Here.”

Sy het skaars die gebed gebed en ek Amen gesê toe ‘n eskader vlieënde pierings ons vanuit die verte nader. Hulle het van baie hoog afgedaal tot binne ‘n fraksie van ‘n sentimeter van die windskerm af, so vinnig soos die spoed van weerlig.

Eers het net een gekom, toe twee, toe drie. Toe het nog drie in ‘n V-formasie gevolg. Nog twee, en toe van ver af nog een het in minder as ‘n sekonde op ons kar se windskerm afgepyl en die windskerm met ‘n fraksie van ‘n sentimeter gemis, soos wat ons

8 Eseg. 1:15-25, 3:13, 10:9-17 9 Matt. 10:5-8, Mark. 3:14, 16:15, 1 Kor. 1:21, Hand. 5:42, 10:42, 16:10, 2 Tim. 4:1-2, Op. 14:6 10 Matt. 7:15, 24:24, Mark. 4:15, 2 Kor. 11:13-15, 2 Pet. 2:1-3, 1 Joh. 4:1 11 Op. 13:4-7, 17:3-9 12 Op. 2:9, 3:9 13 Op. 17:6, 18:24; *The Nazi Persecution of the Churches*, J.S. Conway, ble. 25-26; *I. G. Farben*, R. Sasuly, Boni and Gaer, ble. 128-129; *Treasures Peace*, H.W. Armbruster, Beechhurst Press, ble. 345-347; *Wall Street and the Rise of Hitler*, A.C. Sutton, 76 Press; *Information Please Almanac*, 1982, bl. 98; *The Vatican's Holocaust*, Avro Manhattan, Ozark Books; *World Watchers International*, The Brussell Tapes; *Information Network Against War and Fascism*, Tape “Auschwitz Pope”; *Smokescreens*, Chick Publications, bl. 35; *History of the World in a Christian Perspective*, Vol. 2, A Beka, 1981, bl. 352 14 Dan. 11:33, Joh. 15:20, Op. 2:10, 12:13, 17 15 Op. 17:1, 19:2 16 Op. 17:5 17 Op. 19:19-20, 20:10 18 Op. 13:2-4, 11-15, 16:13-14 19 Op. 12:3-4, 7-9, 20:2 20 Op. 17:1-9 21 Op. 17:1-9 22 2 Kor. 11:14 23 Op. 12:9, 13:1-4, 13-18, 17:3-6 24 Joh. 6:56-57, 2 Kor. 5:18-20, 6:16-18, 1 Joh. 2:18-19, 3:10, 4:13-17 25 2 Kor. 11:13-14, Gal. 2:4 26 Rom. 8:6-7, 1 Kor. 2:14 27 Joh. 3:3-8, 1 Kor. 2:14 28 Matt. 15:14, 2 Kor. 4:3-4, 1 Joh. 2:11, Op. 12:9, 13:1-8 29 Joh. 8:44 30 Deut. 32:4, Titus 1:2, Heb. 6:18, 1 Joh. 1:5 31 Joh. 8:23, 44, Ef. 2:2, 1 Tim. 1:9-10, Op. 2:2 32 Gen. hfste. 1-2

vorentoe beweeg het. Hulle het net aanhou kom – ses, twaalf, twee en een – oor en oor. Ek kon by die agterste venster uitkyk en hulle ligte agter ons sien wegraak, myle ver in die nag. Hulle was almal dieselfde grootte, eweredig en deeglik verlig van binne en van buite. Ek kon niks binne-in sien nie. Hulle was soos toegeyste ligte. Dit het nie gelyk asof dit van metaal of enige ander aardse materiaal gemaak is nie en dit het ook nie soos wolke of mis gelyk nie. Hulle was perfek rond. Hulle het 'n geruis gemaak soos hulle die motor genader het en ons so laat weet dat hulle van een of ander stof gemaak is. Daar was ten minste 'n honderd van hulle.

Suzie het, terwyl sy steeds my hand vasgehou het, gevra: “Sien jy wat ek sien?” Ek het geantwoord: “In Hemelsnaam, ja.” Sy het gevra: “Wat?” Ek het geantwoord: “Vlieënde pierings.” Sy het gesê: “Ja,” en my hand gedruk. Ek het aan Suzie gesê: “Hou stil! Die goed kom so naby, hulle gaan met ons bots! Hou stil! Hoe kan jy aanhou ry as die goed tot binne 'n fraksie van 'n sentimeter verby die windskerm gaan?” Op hierdie tydstip het ek halfpad onder die paneelkissie my gesprek met Suzie gevoer. Terselfdertyd het ek gebid: “God sit dit asseblief af! Stop hulle. Ons het dit gesien. Ek het die boodskap gekry. Dis dit. Ek weet nou dat hulle bestaan.”

Voordat dit met my gebeur het, het ek gedink dat almal wat van vlieënde pierings gepraat het, mal was, met die uitsondering van dié wat weliswaar foto's daarvan geneem het. Op sommige van die foto's wat ek gesien het, het vlieënde pierings identies soos die VVV'e gelyk wat ons gesien het. Ander het glad nie so hulle gelyk nie. Ek weet nie of dié wat hulle gesien het in werklikheid nabootsings van Satan was nie. Ek het egter 'n hele paar mense ontmoet wat dit ook gesien het. Ek verag enigiemand wat liegstories oor enigiets uitdink. Ek speel nie speletjies nie en ek vertel nie leuens of stories nie. Daar is soveel in die Bybel om oor te praat, soveel wonders en tekens en daar gebeur soveel in hierdie laaste oomblikke van tyd dat niemand die nodigheid daarvan insien om enige valse stories op te maak nie.

Vlieënde pierings van God af bestaan. Hierdie gebeurtenis het omtrent vier-en-dertig jaar gelede plaasgevind. Ek het nooit 'n vlieënde piering voor of na dié geleentheid gesien nie. Die dinge wat ek geskryf het, is waar. Ek glo sonder enige twyfel dat my siel Hel toe sal gaan as ek sou lieg oor openbarings, tekens en wonders, wat die Here aan my gegee het. Terwyl Christus fisies saam met sy dissipels op aarde gewandel het, was dit onmoontlik vir Hom om hulle in te neem en geestelik in hulle te leef met God die Vader deur die Gees. Dit is omdat Christus steeds in Sy fisiese of menslike liggaam was. Hy moes Sy liggaam verlaat, dit weer na drie dae inneem, opstaan en kerklik getransformeer word, opvaar na die Hemel, verander in die Heilige Gees by die Vader, die Trooster, ten einde Homself saam met die Vader deur die Gees in al Sy apostels en dissipels uit te stort; sowel as in elke kind van elke ouderdom van God. Slegs ná sy Hemelvaart en slegs nadat Hy die Heilige Gees, die Vader en die Trooster geword het, was hy in staat om Homself in Sy dissipels uit te stort, met al die mag vir getuienis en wonderwerke in sy besit; sowel as in enigiemand wat gehoorsaam aan God se reddingsproses vir hulle is soos wat dit

in die Woord uiteengesit is.³³ Ek sal nooit my siel se welstand op die spel plaas deur iets vals te sê nie. Dit is in opdrag van die Here dat ek die dinge hier verklaar, sodat jy soos ek gered kan word.

Baie mense mag spot met dit wat ek geskryf het, net soos wat ek gespot het met die blote vermelding van vlieënde pierings. Sedert ek hulle gesien het, het ek baie visioene van die Here gehad – almal was waar en almal het waar geword. Vals profete is een van die dinge wat die Here haat.³⁴ Valse profete sal verseker Hel toe gaan, want hulle lieg oor beide die Woord van God en die dinge van God.³⁵ Baie mense versin dinge om aan ander te vertel, so veronderstel ek, om hulle te beïndruk. My getuienis is dat ek nooit probeer om mense te beïndruk nie. Ek het nooit genoeg oor mense gedink om hulle te wou beïndruk, voordat ek gered is nie. My enigste motief vandat ek gered is, is om mense na God te lei, omdat Hy ons beveel om dit te doen.³⁶

Ek ken die Here baie goed en ek ken die Bybel baie goed. Hy is die Woord.³⁷ Ek het baie ander stukke literatuur wat ek op hierdie tydstip belangriker geag het om vry te stel, as my en Sue se ervaring met hierdie vlieënde pierings. Die Here het my aangesê om dit te skryf en in Mei 1999 vry te stel. Hy het die wêreld al op “verskillende tye en op verskillende maniere” gewaarsku dat Hy binnekort terugkom aarde toe (Heb. 1:1),³⁸ en as jy nie gered is voordat Hy terugkom of voordat jy uitgaan om Hom te ontmoet nie, sal jy 'n ewigheid in die Hel spandeer.³⁹

Almal wat my ken, weet dat ek nie daarop uit is om mense van my te laat hou of om geld te maak nie. Dit traak my nie of jy van my hou of nie, want ek gaan nooit die politieke arena betree nie. Ek is nie op soek na jou stem of jou geld nie. Ek is nie besig om Tony Alamo te preek nie. Ek preek en leer mense om: “Vrees God en onderhou Sy gebooie; want dit is die mens se hele plig” (Pred. 12:13). Ek vertel jou nie dat Hy lief is vir jou as jy 'n duiwel of 'n mens is wat God verwerp nie, want Hy is nie.⁴⁰ God het gesê: “Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat” (Rom. 9:13). Hoekom het God dit gesê? Want Jakob het God liefgehad en geglo dat die beloftes van God waar is.⁴¹ Hy het geglo dat daar vir hom 'n groot erfenis wag, terwyl Esau so min daarvoor omgee het dat hy dit vir 'n pot lensiesop verkoop het.⁴²

As jy die Here glo is jy besig om hom te soek.⁴³ Jy soek vir die bewyse van eindtyd-profesieë wat vervul word. As jy nie lief is vir die Here nie, as jy glad nie vir Hom of sy eindtyd-profesieë omgee nie, dan is jy gediensig besig om jou op te saal met die sorg van die wêreld.⁴⁴ Jy is verlore en jy gaan nooit gered word nie. Binnekort sal jy besef hoe uiters dom jy was om God af te kraak en Hom nie te glo nie. Ek dank God dat ek vry van veroordeling deur die Here is. Ek dank Hom nie net omdat ek gered is nie, maar omdat ek aanhou om gered te word deurdat ek my siel aan jou blootlê. Dit doen ek deur aan jou te vertel wat die Heilige Gees uit beide Sy Woord en deur wonders aan my te wys, vir my lewendig gemaak het.

Die Here verklaar dat slegs 'n paar in die koninkryk van God sal gaan.⁴⁵ Die wat gered word is in klein groepies, nooit in groot godsdienste nie. Die wêreldbevolking is vandag in 'n ongelowige modus, soos in die dae van Noag, soos geprofeteer is.⁴⁶ Die hele wêreld aanbid die duiwel.⁴⁷ God verander nooit nie.⁴⁸ Hy het aan

33 Hand. 5:3-11, Op. 21:8, 27, 22:15 34 Spr. 6:16-19, Jer. 14:14-15, 23:32, Sag. 8:17, Matt. 7:15, Mark. 13:22, 2 Kor. 11:13-15, 2 Pet. 2:1, 1 Joh. 4:1-38 35 Mig. 3:5-7, Matt. 7:15, 22-23, 2 Kor. 11:13-15, 2 Pet. 2:1-3 36 Spr. 11:30, Luk. 14:23, Mark. 16:15, Hand. 26:16-18, 28:28, Rom. 10:14-15, 1 Kor. 10:33, Ef. 3:7, 2 Tim. 4:5, Titus 1:3 37 Joh. 1:1, 14, 1 Joh. 1:1-3, Op. 19:13 38 Matt. 16:28, hfst. 24, Luk. 21:7-36, 1 Tes. 4:15-17, 5:2-3, 2 Tes. 2:1-3, 2 Pet. 3:3-4, 7, 10-12, 1 Joh. 2:28, Op. 1:7, 22:12, 20 39 Jes. 33:14, Matt. 3:12, 8:12, 10:28, 13:41-42, 18:8, 25:41, 46, Mark. 9:43-44, Luk. 16:23-24, 26, 2 Tes. 1:7-10, Op. 14:10-11 40 Deut. 32:18-25, 1 Kron. 28:9, Ps. 2:4-6, 5:4-6, 50:22, Jer. 6:19, 28-30, 7:25-29, 33, Hos. 4:6, Matt. 10:33, Joh. 3:36, 12:47-48, Rom. 1:18, Gal. 5:19-21, Ef. 5:5-6, 2 Tes. 1:7-9, Heb. 6:8, 10:26-31 41 Gen. 28:12-15, 32:9-12, 24-29 42 Gen. 25:29-34, Heb. 12:16 43 Matt. 5:6, 6:21, 33, Joh. 14:23-24, 15:7, Hand. 15:11, 16:31, Rom. 10:17, Gal. 3:11, Kol. 3:1-2, 16, 2 Tim. 2:15, 3:15-17, Heb. 11:6 44 Job 21:12-15, Ps. 49:6-20, Spr. 14:12, Pred. 2:1-11, Matt. 10:37-39, 16:24-26, 24:37-39, 44-51, Mark. 4:18-19, Luk. 12:16-40, 14:16-24, 21:34-36, Rom. 8:6-8, 1 Kor. 7:29-31, Gal. 6:8, Filip. 3:18-19, Kol. 3:2, Jak. 4:4, 1 Joh. 2:15-17 45 Matt. 7:13-14, 20:16, 22:14, Luk. 13:23-28 46 Matt. 24:37-39 47 1 Joh. 5:19, Op. 12:9, 13:3-4, 8 48 Ps. 33:11, 102:27, 119:89-90, Pred. 3:14, Mal. 3:6, Heb. 1:10-12, 6:17-18, Jak. 1:17

ons gewys dat die meerderheid altyd verkeerd is toe hy almal in die wêreld behalwe Noag en sewe lede van sy gesin doodgemaak het.⁴⁹ Hy belowe om weer dieselfde te doen, die keer deur vuur.⁵⁰ Binnekort gaan die meerderheid van die wêreld sterf en Hel toe gaan.⁵¹ 'n Klein groepie sal Hemel toe gaan.⁵² Dis moeilik vir mense om hulle oë van die wêreld af te haal en op Christus te vestig, maar dit is wat 'n mens moet doen ten einde die ewigheid in die Hemel te spandeer en nie in die Hel nie.⁵³

Die tekens van Christus se wederkoms is hier.⁵⁴ Die engele is besig met 'n opname van die aarde. Daar is groot afvalligheid van die kerk, die vervulling van 'n belangrike teken volgens Paulus wat op Christus se wederkoms dui.⁵⁵ Die eenwêreldregering en -kerk is met ons. Die haat teenoor God, die Christendom en God se mense is vandag duidelik sigbaar. Die wêreldbevolking het die merk van die dier deeglik in hul verstand, harte en siele ontvang. Hulle sal dit binnekort ook op hulle voorkoppe en regterhande ontvang, om hulle getrouheid aan Satan te bewys.⁵⁶

Jy moet kies wie jy in die teenswoordige wêreld wil dien – God of Satan – en dan moet jy die ewigheid saam met die een wat jy kies spandeer.⁵⁷ God gee jou geen ander keuses nie. As jou keuse is om in die Hemel saam met God te wees, bid dan dié gebed:

My HERE en my GOD, wees my, sondaar, genadig.⁵⁸ Ek glo dat JESUS CHRISTUS die SEUN van die lewende GOD is.⁵⁹ Ek glo dat HY aan die kruis dood is en SY kosbare bloed vir die vergifnis van al my vorige sondes uitgestort het.⁶⁰ Ek glo dat GOD JESUS uit die dode opgewek het deur die krag van die HEILIGE GEES⁶¹ en dat HY op hierdie oomblik aan die regterhand van GOD sit en na my belydenis van sonde en hierdie gebed luister.⁶² Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi U in my hart in, HERE JESUS.⁶³ Was al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat U in my plek aan die kruis by Golgota gestort het.⁶⁴ U sal my nie wegwys nie, HERE JESUS; U sal my sondes vergeef

en my siel red. Ek weet, want U WOORD, die Bybel, sê so.⁶⁵ U Woord sê dat U niemand sal wegwys nie en ek weet - dit sluit my in.⁶⁶ Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.⁶⁷ Ek dank U, HERE JESUS, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.⁶⁸

Ná redding, het Jesus gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die VADER en die SEUN en die HEILIGE GEES.⁶⁹ Bestudeer die King James Bybel deeglik en voer die opdragte uit.⁷⁰

Die Here wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan 'n verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir meer inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat JESUS beveel, moet dan nie vir GOD beroof van SY tiendes en offerhandes nie. GOD het gesê: "Sal 'n mens werklik vir GOD beroof? Tog beroof julle MY. Julle vra: 'Waarvan ons U?' Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds 'n vloek op julle en tog bly julle MY beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [n tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in MY huis [siele gered kan word], en toets MY hierin, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Toets MY of EK nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. EK sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in 'n begeerlike land woon, so sê die HERE VAN DIE LEËRSKARE" (Mal.3:8-12).

49 Gen. 7:13-16, 21-23, 2 Pet. 2:4-5 50 Ps. 50:3-4, Jes. 51:6, Matt. 3:12, 13:40-42, 2 Tes. 1:7-8, 2 Pet. 3:3-7, 10-12, Op. 6:15-17 51 Job 21:30, Matt. 7:13, 49-50, 25:29-34, 41-46, Luk. 13:24-28, Rom. 2:5-6, 8-9, Heb. 10:26-27, Op. 20:11-15 52 Matt. 7:13-14, 20:16, 22:14, Luk. 13:23-25 53 Spr. 14:12, Matt. 6:19-24, 10:37-39, 16:24-27, 24:37-39, 44-51, Luk. 9:23-26, 21:34-36, Gal. 6:8-9, Filip. 3:18-21, Kol. 3:2, 1 Joh. 2:15 54 Dan. 12:1-4, Joël 2:28-31, Matt. 24:3-44, Luk. 21:7-36, Hand. 2:16-21, 1 Tes. 5:1-4, 1 Tim. 4:1-3, 2 Tim. 3:1-9, 2 Pet. 3:3-7, 10-12, Jud. 17-18 55 2 Tes. 2:1-3 56 Op. 13:16-18, 14:9-11, 16:2, 19:20, 20:4 57 Gen. 4:7, Deut. 11:26-28, 30:15, Jos. 24:15, Matt. 6:24, Op. 22:17 58 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 59 Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 60 Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh. 1:7, Op. 5:9 61 Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 22 Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 63 1 Kor. 3:16, Op. 3:20 64 Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Op. 1:5, 7:14 65 Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 66 Matt. 21:22, Joh. 6:35, 37-40, Rom. 10:13 67 Heb. 11:6 68 Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Op. 7:14, 22:14 69 Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 70 Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak. 1:22-25, Op. 3:18

Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.

Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078
24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362
www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christian Ministries Worldwide verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, The Messiah, wat aandui hoedat CHRISTUS in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word 'n werker in die oes van siele deur 'n verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word. Al ons literatuur en oudioboodsappe is gratis, en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief 'n kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal.

As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:

© Kopiereg Mei, 1999 Alle regte voorbehou Wêreld-pastoor Tony Alamo © Geregistreer Mei, 1999

Afrikaans—Flying Saucers Are End Time Prophecy